

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

Inventory of the private collection of

D Friedman

PV665

Contact us

Write to:

Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

Visit us:

Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

Telephone:

+27(0)51 401 2418/2646/2225

Email:

arca@ufs.ac.za

KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN MNR. D. FRIEDMAN

1. TOEGANKLIKHEID

Die volgende voorwaardes is deur die skenker neergelê:

"The donors hereby jointly and severally: -

1. (b) Cede, assign and make over all the copyright and publication rights in and to the memoirs to both the first Donee and the second Donee.
4. (a) Allow all members of their staff and their students and such other bona fide researchers as the Librarians of both the first Donee and the second Donee may from time to time in their discretion deem fit, reasonable access to the memoirs or any part thereof for the purposes of research or private study.
- (b) Have the right to produce any part of the memoirs for the purpose of research or private study or their own records.
5. hereby agree and undertake not to permit either the whole or any part of the memoirs to be printed or utilised in any manner whatsoever for general publication." ¹⁾

2. CURRICULUM VITAE ²⁾

David Friedman is op 7 April 1908 te Gezina, Pretoria, gebore. As jong seun begin mnr. Friedman sy loopbaan as kantoorjonge. Op 18 jarige ouderdom word hy aangestel as junior verslaggewer/subredakteur en was hy die jongste verslaggewer in die persgalery van die Volksraad.

1) Vgl. Skenkingsakte

2) The Star, 10 Augustus 1982, p. 17 ; Die Burger, 19 Augustus 1982, p. 11 en Friedman, D., South Africa's Critical years - Behind the Scenes, p. 90.

Reeds as jong verslaggewer het mnr. Friedman Suid-Afrikaanse politici op hul buitelandse reise vergesel en was dikwels die enigste persman in die geselskap.

Spoedig het dit geblyk dat mnr. Friedman 'n joernalis met goeie oordeel was, aangesien hy inligting wat in vertroue aan hom meegedeel is, as sodanig hanteer het. Dit het meegebring dat politici soos genl. Hertzog, genl. Smuts, dr. Malan, mnr. Havenga, adv. Roos, adv. Pirow en andere hom in hul vertroue geneem het.

Op die ouderdom van 26 jaar is mnr. Friedman aangestel as waarnemende redakteur van Reuter Suid-Afrikaanse Nuusagentskap. Met genoemde organisasie se verandering na die Suid-Afrikaanse Pers Assosiasie (Sapa) in 1938, is hy aangestel as Sapa se eerste Londense redakteur.

Gedurende Wêreldoorlog II is bogenoemde pos gekombineer met die van oorlogskorrespondent. Deur die toedoen van genl. Smuts word mnr. Friedman verhoed om by die Britse leër aan te sluit. Hy sluit egter by die Home Guard aan. 'n Maand voor die val van Duitsland ontvang hy opdrag om verslag te doen oor die stigting van die VVO in San Francisco.

Nadat mnr. Friedman 18 sittings van die VVO bygewoon het, keer hy in 1958 terug as Kontrolerende redakteur van Sapa, 'n posisie wat hy bekleed tot met sy aftrede in 1972.

3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1 Die dokumente

Die dokumente is in Oktober 1982 deur mnr. Friedman en die Suid-Afrikaanse Pers Assosiasie aan die Universiteit van die Witwatersrand en die UOVS geskenk. Die dokumente bestaan uit sewe volumes (3 bande), herinneringe deur mnr. David Friedman.

3.2 Ordering

A.g.v. die aard van die versameling, is 'n katalogus daarvan opgestel.

4. OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die versameling beslaan 0,15 m rakspasie en is in 'n baie goeie toestand.

KATALOGUS

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>TYDPERK</u>
1.	Friedman, D., <u>South Africa's Critical years - Behind the Scenes</u> . Vol. 1 en 2. 1)	c. 1932 - 1971 2)
2.	Friedman, D., <u>South Africa's Critical years - Behind the Scenes</u> . Vol. 3 en 4. 3)	do. 2)
3.	Friedman, D., <u>South Africa's Critical years - Behind the Scenes</u> . Vol. 5, 6 en 7. 4)	do. 2)

-
1. Bevat o.a. inligting rakende genl. Smuts, genl. Hertzog, mnr. Oswald Pirow, Sir. Winston Churchill en mnr. David Friedman, asook oor koalisie en Wêreldoorlog II.
 2. Hierdie tydperk is benaderd aangesien elke hoofstuk 'n ander tydperk dek.
 3. Bevat o.a. inligting rakende die sluiting van die Russiese Konsolaat in S.A. (1956), Wêreldoorlog II, die kroning van Koningin Elizabeth II, die Vredeskonferensie te Versailles (1919) en Suidwes-Afrika.
 4. Bevat o.a. inligting rakende Algar Hiss, Joseph Kennedy, Wendell Willkie, Harold Hopkins, Edward R. Murrow, Josph McCarthy, Wêreldoorlog II, die Britse "Home Guard", die Statebondskonferensie (1949), genl. Smuts en die Volkebond, en die VVO.